

Woensdag 26 April

Skrifgedeelte: Johannes 14:18-26

Fokusgedeelte: Johannes 14:26

Die Gees is die goeie Helper

Voor God staan ons altyd skuldig, ons oortree sy wil dag en nag. God se wet kla ons aan, die duiwel kla ons aan, ons gewete kla ons aan. Ons staan magtelos en radeloos voor die heilige God.

Is daar dalk iemand – Iemand – wat kan help, en op grond waarvan? Die Donderdagaand, kort voordat Jesus die nagmaal instel en kort voor sy kruisi-ging die Vrydag, verseker Hy sy dissipels (en ons) daarvan: Ja, daar is Iemand, die Heilige Gees, die Gees van God. Hy is julle groot Advokaat, julle Voorspraak, julle Helper, julle *Parakleet* (in Grieks). Die Gees sal God die Vader daarop wys dat Jesus vir ons sondes betaal het en ons vrygekoop het.

Die Gees doen nog meer – Hy is ook die groot Kategeet wat ons alles leer wat Jesus gedoen het, die diepte, die omvang en die reikwydte van Jesus se verlossingswerk. Die Gees leer ons van vergifnis en versoening en van die genadige heerskappy van die opgestane en lewende Here Jesus Christus.

Die Gees doen nóg meer, want Hy weet van ons vergeetagtigheid as mense. Die Gees herinner ons telkens aan wat Jesus gesê en gedoen het. As ons die Bybel lees of na 'n preek luister of nagmaal vier, dan herinner die Gees ons: Jesus Christus is Heiland en Here, Hy het alle mag in hemel en op aarde; Hy regeer vandag, oor die wêreld, oor Suid-Afrika, oor die kerk, oor my lewe, oor my hart.

Die Gees is die goeie Helper, die groot Kategeet, die altyd Herinneraar. Gló dit. Lééf dit.

Sing: Skrifberyming 8-1:1-2

Prof. JH (Amie) van Wyk (Emeritus)